SKOOLFONDS VIR 2021

Die Beheerliggaam het die skoolgelde vir **2021** as volg goedgekeur:

1. Skoolgelde vir **Gr. 1 tot Gr. 7** beloop **R23 300-00** per leerder per jaar. Indien u voor of op 25 Februarie 2021 ten volle betaal, word 'n **korting van R550-00** toegestaan en is die bedrag dus **R22 750-00**.

2. Skoolgelde vir **Gr. R** beloop **R24 750-00** per leerder per jaar. Indien u voor of op 25 Februarie 2021 ten volle betaal, word 'n **korting van R550-00** toegestaan en is die bedrag dus **R24 200-00**.

3. Nuwe inskrywings later in die jaar, se skoolgelde word pro-rata aangepas.
   Hierdie nuwe inskrywings moet die betalingsooreenkoms invul.

4. Skoolgelde kan ook afbetaal word in gelyke paaiemente oor **10 maande** en is ten volle betaalbaar teen 7 November 2021.
   - Gr. R: R2 475-00 per leerder per maand teen 7 November 2021.
   - Gr. 1-7: R2 330-00 per leerder per maand teen 7 November 2021.

   Voornemende Gr. R-ouers betaal 'n voorskot op skoolfonds van R1 000 per leerder voor of op 31 Augustus van die voorafgaande jaar. Die leerder se skoolfondsrekening sal in Oktober 2021 met hierdie bedrag gekrediteer word.

5. Geen afsonderlike fooi is betaalbaar vir dagboeke, eksamenpraatjies en opvoedkundige uitstappies nie. Dié fooie word ten volle deur die skoolfonds gedek. Opvoedkundige toere vir Gr 5, 6 en 7 sal apart gehef word, nadat 'n gedeelte deur die skoolfonds gesubsidieer is.

6. Ouers word vriendelik versoek om 'n **vrywillige** bydrae tot die skool se Kapitaalfonds te maak. As riglyn stel ons 'n bedrag van R1 000 per leerder voor. Hierdie vrywillige bydrae kan dien tot 'n belastingvoordeel vir ouers en daar kan 'n spesiale kwitansie in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet van 1962 aan ouers uitgereik word op versoek.

7. Betaling van alle skoolgelde moet asseblief teen 7 November 2021 afgehandel wees.

8. Persone wat hulle skoolgelde by wyse van debietorder betaal, se betaling geskied oor 10 maande - Februarie tot November. 'n Nuwe debietorder-magtigingsvorm is verkrygbaar by finansies@llg.co.za en op ons webblad, en **moet jaarliks voltooi word** indien u hiervan gebruik wil maak.

9. Die volgende wyses van betaling word aanvaar:
   - Kredietkaart (Master of Visa) of Debietkaart
   - Snapscan https://pos.snapscan.io/qr/PXMP42594
   - Debietorder
   - Internet

10. Die Beheerliggaam sal bereid wees om aansoeke van skoolgelde op 'n verminderde skaal te oorweeg. Daar is duidelike statutêre en departementele riglyne wat hierdie proses bepaal na aanleiding van 'n ouer/voog se finansiële posisie. Die nodige aansoekvorm om betaling van skoolfonds op 'n verminderde skaal is by adminllg@llg.co.za beskikbaar en moet voor of op 25 Februarie 2021 by die kantoor ingedien word.

11. Ouers/Voogde wat verkies om skoolgelde by wyse van paaiemente te betaal, sal maandeliks 'n rekeningstaat ontvang.

12. Betaalde buitemuurse aktiwiteite soos bv. naskool, ballet, krieket, kuns ens. word ook op die skoolfondsrekening gehef en moet maandeliks betaal word, aangesien hierdie aktiwiteite NIE GRATIS IS NIE.